



Die nuwe seisoen roep jou op om wakker te word

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Lente voel altyd vir my soos wakkerwordtyd. Iets nuuts het aangebreek! Soos die goue sonstrale deur die pikswart van die nag breek en 'n nuwe dag aankondig, roep lente uit dat die koue winter agter ons lê.

Maar dit gebeur nie oornag met die omblaai van ons kalenders nie. Ons weet dat daar nog 'n paar kouefronte gaan kom, maar die vooruitsig van 'n nuwe seisoen bring hoop. Vir baie mense word winter geassosieer met donker en dood. Ons sien hoe plante doodryp en voel die dodelike koue diep in ons lywe. Emosioneel is dit vir baie ook die seisoen van laagtepunte. Neerslagtigheid en depressie neem toe in die wintertyd. Maar wanneer dit voel of die donker op sy donkerste is, breek die nuwe seisoen aan. Die eerste groen van die op die oog af dooie vyeboom spring in jou oog en lok jou om nader te kom en mooier te kyk en te sien hoe nuwe lewe lyk. Die opgewondenheid van nuwe lewe verander die swaar gevoel in jou binnekant en jy weet: Daar is eindes en nuwe beginne!

Soos wat seisoene verander, moet ons ook bewus wees van die moontlikheid van verandering op alle terreine van ons lewens – in alle seisoene van ons lewens. Die natuur se winterslaap is nie die slaap van 'n dooie nie, maar 'n rus en voorbereiding vir die nuwe lewe wat op die onmoontlikste tyd sy verskyning kan maak. Die Skeppergod het lewe ritmies ingevleg in die natuur met sy seisoene en siklusse. Dalk is die eindes nie eindes nie, maar fases van oorgaan van lewe wat, anders, weer nuut sigbaar gaan word. Seisoene wissel, die een vloeï oor in die ander, maar regdeur tyd en ruimte is dieselfde en enigste God se almag en trou juis dit wat onveranderd, vas en seker is. In die donkerste van ons seisoene is Hy ook teenwoordig en in beheer.

Dit is die boodskap van die visioen wat die jonge Jeremia gesien het. Die amandelboom was die eerste boom wat vroeg in die lente sy bloeisels begin wys het. Dit lyk nog nie of die lente daar is nie, tog bewys die bloeiende amandelboom dit. Net so is dit met die woord en die beloftes van die Here. Jeremia moes hierdie boodskap aan die volk bring onder baie moeilike omstandighede, in uitdagende tye. Daar, in die vreemde, moet hulle hoor dat hulle tuine moet aanlê sodat hulle van die opbrengs kan eet!

God is teenwoordig en werksaam in ons lewens, al is dit nie altyd met ons manier van kyk sigbaar nie. Maar kyk na die amandelboom! Kyk na die vyeboom! Word wakker uit die winterslaap en kyk van naderby na die lewe rondom jou. Tekens van lewe gee nuwe hoop! Dalk moet ons harder soek na tekens van lewe rondom ons. Die nuwe seisoen moet ons help, en roep uit dat ons uit die winterslaap moet wakker word.

Lente is ook die tyd vir die voorbereiding van grond vir die vrug wat ons in die volgende seisoen wil geniet. Sonder om die felheid van die pandemie af te maak, sal ons ons fokus moet wegskuif van die “winterwoorde” wat ons verlam, en fokus op woorde van heling, herstel en nuwe groei. Word wakker en plant wat jy wil eet.

Daar waar blomme groei, so ook sal hoop (Lady Bird Johnson).

Ds Manda le Roux, Weskus

Lief en leed



Mev Ann Kay

- Prof Bieks Beukes laat weet soos volg: “Op 16 Augustus 2021 sterf **Ann Kay** (Annie Sophia Kay, née Ackerman), **moeder van ds Jan Kay en Johanna Peters**, in die ouderdom van 99 jaar en 6 maande. Ann het opgegroeï in Glencoe waar die Hervormde Kerk in daardie dorpie sy begin gehad het in haar ma se sitkamer. Sy is van die eerste vroue wat ná die 1970 AKV gekies is as diaken. As diaken en later die voorsitter van die diakonie, dien sy onafgebroke in die kerkraad van Durban-Suid, totdat sy in 2015 verhuis na Pretoria. Haar opregtheid, eerlikheid en empatie met mense het vir baie op haar lewenspad gedien as voorbeeld. Saam met ds Jan, sy suster, haar kleinkinders, agterkleinkinders, naasbestaendes en almal wat haar pad gekruis het, dank ons die Here vir ’n voorloper en raakvatter soos Ann Kay.” Ons innige simpatie gaan aan ds Kay en hul familie.

- Die **Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) se virtuele Stap/Draf/Fietsry** van 21 en 22 Augustus 2021 het vir groot pret en ’n stewige inkomste gesorg. Ds Pierre Jacobs en Gemeente Outeniqua het ander gemeentes vooraf uitgedaag om hul gesamentlike afstand van 1 200 km te ewenaar en/of te verbeter. Dit is ’n simboliese afstand vanaf die gemeente in George tot by die Bybelhuis in Kempton Park. **Outeniqua** het uiteindelik met 132 deelnemers saam 1 259 km afgelê en R13 205 ingesamel. Hulle was dus die wenners van die spesiale uitgawe van die grootdruk Bybel 2020-vertaling wat as Kanselbybel gebruik kan word.

Van die **ander NHKA-gemeentes** wat deelgeneem het, is Kaapstad, Pietermaritzburg, Philadelphia en Makarios. **Dr Gerhard Lindeque en sy vrou, Karien, met hul hondjie, Teddie**, het ook elk hul 5 km by Makarios afgelê. Makarios se finalejaar katkisante en hul vriende het saam meer as 200 rondtes om die kerk voltooi.

- Die Welstandskomitee lede en ringskommissies is deur die Kommissie van die AKV versoek om gereeld met **emeriti en predikanteweduwees** kontak te hou om te verseker dat hulle kerklik versorg word.

- **Die volgende predikante verjaar tot 1 Oktober 2021, en word hartlik geluk gewens:**

- Donderdag 23 September: Dr GJ (Gert) Malan (61) (Mosselbaai) en ds DW (Wouter) Beukes (60) (emeritus)
- Vrydag 24 September: Dr JM (Thinus) van Staden (45) (Montana)
- Sondag 26 September: Ds MJ (Marna) van der Westhuizen (46) (beroepafwagting)
- Dinsdag 28 September: Prof IWC (Natie) van Wyk (68) (emeritus)
- Woensdag 29 September: Ds BM (Buddie) Dupper (68) (emeritus/Pongola)

Gemeentes en bediening

- Die Kommissie van die AKV het tydens hul vergadering aan die begin van September **ds DW (Danie) van der Watt** se aansoek om emeritaat op 31 Julie 2021, en **ds CAP (Neels) van Tonder** se aansoek om emeritaat op 30 November 2021, goedgekeur.

- **Dr AE (Anet) Dreyer-Krüger** se versoek om van Gemeente Rustenburg-Suid losgemaak te word, is goedgekeur. Die losmaking geskied met behoud van ampsvoorreg, en dr Dreyer-Krüger sal dan beroepafwagting wees.

- **Ds EN (Nastasia) Vosloo-Steyn** is as beroepafwagtinge predikant van die NGK aanvaar en is dus nie langer (beroepafwagtinge) predikant van die NHKA nie.

- Die aanwysing van **oudl G (George) Rademeyer** van Gemeente Wonderboom-Suid, en **oudl DL (Dawid) Diedericks** van Gemeente Bronkhorstspruit, as lede van die Sekunduskommissie, is deur die Kommissie van die AKV bekragtig.



Dr Gerhard en Karien Lindeque met Teddie



Ds Danie van der Watt



Ds Neels van Tonder



Dr Anet Dreyer-Krüger



Ds Nastasia Vosloo-Steyn



- **Bydraes aan die BSA.** Dr Gerhard Lindeque van die BSA laat weet soos volg: “**Baie dankie aan al die gemeentes van die Kerk** wat reeds die bydraes van Bybelsondag 22 Augustus 2021 aan die BSA oorbetal het. Sommige gemeentes kon egter in daardie stadium nog nie eredienste in kerkgeboue hou nie en derhalwe nie die spesiale deurkollekte ten bate van die BSA insamel nie. Dit mag ook wees dat sommige gemeentes nog in die gewoonte is om die bydraes vir die BSA eers in Oktober oor te betaal. Gemeentes wat nie maandeliks bydra nie, word dus vriendelik daaraan herinner om asseblief hul jaarlikse bydraes so gou moontlik oor te betaal. Besonderhede oor bydraes kan verkry word van malan@biblesociety.co.za. Elke bydrae is ’n kosbare saad wat gesaai word om God se Woord aan mense beskikbaar te stel. Baie dankie dat u ook saaiers van hoop is. *Dié wat met trane saai, sal met jubelkrete maai* (Ps 126: 5 – Die Bybel 2020).”
- Die Kommissie van die AKV het ingestem dat die **ringe van Noordelike Pretoria en Pretoria-Noord** mag saamsmelt, asook die **ringe van Lydenburg en Middelburg**. Intussen het **Gemeente Hennenman** in die ring van Bothaville op 13 Junie 2021 ontbind.
- Die Kommissie van die AKV het besluit dat die **Grondwet** wat vir administratiewe doeleindes vir ’n tyd lank aan finansiële instellings verskaf is, finaal onttrek word en hoegenaamd geen gesag het nie. Die Kerkorde dien as die enigste grondslagdokument van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.
- Die Kommissie van die AKV het besluit dat die **73ste AKV van 2 tot 8 Oktober 2022** sal plaasvind. Die beplanning vir die AKV sal voorsiening maak vir buitengewone omstandighede soos die Covid-19-pandemie mag vereis.
- Waar ringe weens Covid-19 **nie in staat was om ringsvergaderings te hou nie**, moet die ringskommissies minstens vergadering hou en aan al die gemeentes in die ring terugvoer gee. Ringskommissies moet ook betyds beplan om ringsvergaderings te hou voor die AKV in 2022. Ringe moet dalk gereed wees om op kort kennisgewing te vergader wanneer die vlak van inperkings weens die pandemie dit toelaat. Waar dit dalk nie moontlik is om ’n ringsvergadering te hou nie, moet die ringskommissie ten minste byeenkom om die dringendste sake van die ringsvergadering te hanteer en om moontlike beskrywingspunte aan die 73ste AKV te formuleer.
- **Beoogde komitee vir advies oor voorgestelde wetgewing.** Gemeentes en predikante nader dikwels die Kommissie van die AKV oor die Hervormde Kerk se standpunt wanneer die owerhede nuwe wetgewing oorweeg of voorstel. Die Kommissie van die AKV en die personeel van die Sinodale Dienssentrum beskik in die meeste gevalle nie oor die nodige kundigheid om gemeentes daarvoor te adviseer nie, en moet dan op enkele kundiges se knoppie druk om kommentaar te lewer. Dit gebeur dikwels dat hierdie kommentaar binne ’n kort tydsbestek gelewer moet word, wat dit uiteraard vir die betrokke kundiges baie moeilik maak. Daarom versoek ons gemeentes en predikante vriendelik **om regsgeleerdes in u gemeente te nomineer** wat die Kerk met advies oor konsepwetgewing kan bystaan wanneer die situasie daarna vra. Indien ons ’n **Kernkomitee: Kerk en Owerheid** kan saamstel wat die Kommissie van die AKV kan adviseer, kan ons die druk op enkele persone verlig en verseker dat die Kerk steeds goed ingeligte en weldeurdagte kommentaar lewer en so ook aan gemeentes die nodige leiding kan gee. U word vriendelik versoek om die name en kontakligting van bekwame en gewillige regsgeleerdes **teen 28 September 2021** na karen@nhk.co.za te stuur.
- **Vakante werkruiimte – Gemeente Rustenburg-Suid.** Aansoeke word ingewag van ’n gelegitimeerde predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk vir die werkruiimte van hierdie gemeente wat op 1 Desember 2021 vakant sal raak.

Gemeenteprofiel

Gemeente Rustenburg-Suid is een van vier Hervormde gemeentes in Rustenburg en bestaan sedert 1957. Die sieletal van die gemeente is sowat 850, waarvan 550 belydende lidmate is. Die ouderdomsgroepering van die gemeente is redelik verspreid met die grootste aantal lidmate in die groep bo 40. Daar is twee tehuise vir bejaardes binne die gemeentegrense wat nie deur die gemeente bedryf word nie, maar waar ’n aantal lidmate woonagtig is. Die

gemeente beskik oor 'n doelmatige kompleks bestaande uit 'n kerkgebou, saal met kombuis en kategeselokale. Die gemeente beskik ook oor 'n ingerigte slaghuis op die kerkterrein wat op 'n semi-voltydse basis bedryf word ter stywing van fondse. Die gemeente beskik oor 'n ruim vierslaapkamerpastorie met 'n swembad en gevestigde tuin op die kerkterrein.

Profiel van die ideale leraar

Moet verkieslik in die ouderdomsgroep 30 tot 50 val of so na moontlik daaraan. Moet die bediening in die gemeente dinamies maar Skrifgetrou en verstaanbaar vir alle ouderdomsgroepe kan hanteer. Moet vernuwend en sinvol met die liturgie in eredienste omgaan. Moet 'n aanvoeling vir gemeentesang asook musiek in eredienste hê. Moet sinvol as deel van 'n bestuurspan kan funksioneer. Sy of haar gade moet aktief by die gemeente se wel en wee betrokke wees. Daar kan van die aansoeker verwag word om tydens die gemeente se vakante tydperk 'n erediens in die gemeente teen die normale vergoeding waar te neem.

Posbeskrywing

Dit is 'n voltydse werkkruimte met verantwoordelikhede soos in die Kerkorde omskryf. Vergoeding, reiskoste, mediese fonds en pensioen sal volgens die voorgeskrewe skale en die Kerkorde se voorskrifte hanteer word met inagneming van die leraar se aantal jare diens. Daar sal van die leraar verwag word om die pastorie op die kerkterrein gratis te bewoon en gratis munisipale dienste en 'n landlyntelefoon sal verskaf word. 'n Huishulp is beskikbaar wat twee dae per week, op die koste van die Kerkraad, tot die pastorie se beskikking is.

Aansoeke

Aansoeke sluit op 16 Oktober 2021. Aansoeke moet vergesel wees van 'n verkorte CV en gestuur word aan die Sekretariële Beamppte, nhrbsuid@gmail.com. Verdere inligting kan bekom word by Dawie Smith (082 484 4955). Die Kerkraad behou die reg voor om nie een van die aansoekers te beroep nie, of 'n leraar wat nie aansoek gedoen het nie, uit te nooi om 'n CV aan die Kerkraad te stuur vir oorweging vir die vulling van die vakature.

- **Vakante werkkruimte vir die samewerkende kerke in Harare.** Die NHKA en die NGK in Harare funksioneer sedert 2019 as een gemeente. Dit is 'n tipies stedelike gemeente en bestaan hoofsaaklik uit ouer persone. Daar is ook lidmate wat buite die stedelike gebied woon. Die **vastetermynpos vir drie jaar** kan met wedersydse instemming verleng word. Aansoeke word ingewag van 'n **tweetalige predikant** wat gelegitimeer is in die Hervormde Kerk of die NG Kerk (eredienste word om die beurt in Afrikaans en Engels gelei). Aangesien die skoolopleiding in Zimbabwe geweldig duur is, moet predikante verkieslik nie skoolgaande afhanklikes hê nie.

Die **vergoedingspakket** beloop 'n leefbare inkomste in Zimbabwe, plus gratis verblyf in 'n gemeubeleerde pastorie (insluitende sekuriteit, telefoon, data, water, ligte en 'n bediende) en gratis gebruik van 'n gemeentervoertuig.

Aansoeke moet vergesel wees van 'n verkorte CV met vermelding van die kontakbesonderhede van twee referente, en moet gestuur word na njssteenekamp@gmail.com. Vir meer inligting, kontak die konsulent van die Hervormde Kerk, ds Nicolaas Steenekamp, by 073 279 3315 (RSA); of NHKA oudl Rinus Grau by +263 71 261 1536; of NGK oudl Deon Theron by +263 77 224 6233.



Vergaderings

- Vrydag 1 Oktober: Oudit- en Risikokomitee

Kerklike publikasies

- In die September 2021-uitgawe van **Die Christelike Vrou** vertel ds Hannelie Botha met haar redaksionele artikel **Mooi** hoe die natuur 'n volgende asem kry in die lente. **Ds C Johann de Bruin** deel Erfenismaand met ons deur wenke te gee vir hoe ons 'n erfenis

vir ons nageslagte kan nalaat. *Namakwaland blom* wys vir ons die kleureprag deur die oë van verskeie medewerkers, en ons lees hoe die blomme in die velde, tussen kranse en rotse en langs voetpaadjies ons telkens verras met hul skoonheid. **Heleen van As**, woordvoerder van Ons Tuis, deel met ons tannie Willie Bouwer van Ons Tuis Riviera se 102de verjaardagviering! Volg die skakel <https://nhsv.org.za/publikasies/>.



- Enige lidmaat wat beplan om **van Suid-Afrika na die ring van Dorsland** te reis (gemeentes Gobabis, Otjiwarongo, Grootfontein, Outjo, Windhoek, Tsumeb, Namibkus of Namib-Suid), kan gerus met **mev Sarie Roux** van die Boekwinkel in verbinding tree by boekwinkel@nhk.co.za. Ons ondervind tans uitvoerprobleme, en sy wil graag boeke na die gemeentes saamstuur.

Toerusting

- **Gereformeerde Teologiese Werksgemeenskap (GTW): Konferensie 27 en 28 September 2021**, aanlyn en by Miles Sharpstraat 24b, Rynfield, Benoni. Die doel van die konferensie is om vanuit die Gereformeerde Teologie saam te besin oor die tema: **Die morele hernuwing van die Suid-Afrikaanse samelewing na 'n dekade van staatskaping**. Hulle wil graag persone vanuit die NHKA ook in die gesprek betrek. Sprekers sluit in prof Theo Venter en prof Koos Vorster van die Noordwes-Universiteit, en prof Henk Bakke van die Vrije Universiteit in Nederland. Besoek die webblad <https://rts2021.wordpress.com/> vir meer besonderhede. Die GTW is 'n vereniging wat vanuit die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ontstaan het en wat ook betrokke is by die vaktydskrif *In die Skriflig / In Luce Verbi*, en is 'n vereniging sonder enige winsmotief. Navrae: Ds Pieter Kurpershoek, 013 243 3364 / 083 641 6466 / pwk@axxess.co.za.
- Staan u dikwels voor 'n getraumatiseerde lidmaat en wens u weet hoe om werklik van hulp te wees? Kom woon 'n **TIR (Traumatic Incident Reduction) Werkswinkel** by en kom leer iets van Jesaja 50: 4: *Die Here my God het my geleer om die regte woorde te gebruik sodat ek dié wat moeg is, kan moed inpraat. Elke môre laat Hy my opnuut weer luister.*
Datum: 16-19 Oktober
Plek: Pretoria
Koste: R5 000
Besoek yvonneretief.weebly.com of kontak Yvonne by retief.yvonne@gmail.com.

Fondsinsamelings

- Is jy naby die Vaaldriehoek of naby genoeg vir 'n rit tot in die Vaal op **Vrydag 24 September**? Dan moet jy 'n draai maak by **Groblerstraat 19** (langs Coney Island-winkelsentrum) in Sasolburg. **NHKA Sasolburg-Suid hou vendusie**. Daar is heerlike eetgoed ook beskikbaar. Die geleentheid word in die buitelug gehou en Covid-maatreëls geld. Verkopers wat graag hul eie goedere op die vendusie wil plaas, is welkom. Regpak van goedere geskied van 07:00 tot 09:00. Koste om jou eie goedere te verkoop, beloop 20% van die verkoper se wins. Goedere kan tussen 09:00 en 10:00 besigtig word. Die vendusie begin om 10:00. **Navrae:** Tobie 083 327 1500 / Theo 083 302 7491.

- **Gemeente Oos-Londen: Word 'n affiliaal van Nguni Gifts**
Verdien 2- tot 7%-kommissie
Befonds jul gemeente se bediening deur verwysings
Stuur 'n e-pos of WhatsApp-boodskap om jul gemeente aan te sluit
larry@nguni-gifts.co.za
WhatsApp 072 020 8911

'n Gedig

Maalstrik

jou het ek tog nie verloor nie, my lief
die taal kan niks nie ontken nie al doen hy
sy uiterste, dubbele negatief

ek kan jou nooit nie kry nie, sê jou brief
alte nadruklik, maar dié maal maak
twee minne op die end 'n positief

jou vermenigvuldiging was verniet
en misreken het jy die som van die taal:
geen rededeel maal die liefde tot niet

Daniel Hugo

(Uit: *Vuurdoring*, 1987)

Barmhartigheid

- **Rata Maatskaplike Dienste se *Drive for a Child*-gholfdag** vind op **26 Oktober 2021** by Silver Lakes-gholfbaan in Pretoria plaas. Die fondse wat ingesamel word, is ten bate van elke kind wat tans deur Rata ondersteun en gehelp word.
Koste: R4 400 (Vierbal) – gholfkarretjies, halfweghuisete, aandete, *goodie bags* ingesluit
Putjeborg: R2 500
Vierbal met putjeborg ingesluit: R5 500
Navrae: Charmaine Fourie charmaine@rata.org.za / 071 684 7796
- **NHSV Beurse en lenings 2022.** Die NHSV beskik oor beurse/lenings vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk kwalifiseer vir die toekennings. Die aansoekvorm kan [hier](#) afgelaai word. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 15 November 2021.**
- **Athalia Uitreik in Bloemfontein**
Verblyf vir en versorging van bejaardes en gestremdes
Enkel- en deekamergeriewe in 'n huislike atmosfeer
Verblyf met 3 etes ingesluit
Verblyf sonder versorging R1 700 per maand
24-uur-versorging onderhandelbaar
(maksimum R8 000 per maand deekamer)
Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089
navrae@athalia.co.za
www.athalia.co.za
- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het 'n **tweeslaapkamer-woonregeenheid** beskikbaar by Frans Boshoff: Dit is Woonstel 3 teen R485 000. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.



- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord**

Kieserstraat 126, Rietondale

Een enkelwoning te koop teen R510 000

Een eenslaapkamerwoning te koop teen R515 000

Een 1½-slaapkamerwoning te koop teen R520 000

Een tweeslaapkamerwoning te koop teen R560 000

Een tweeslaapkamerwoning te huur teen R6 500 per maand

Navrae: Beulah du Plessis by 082 847 9544

Seniordalpta@gmail.com



Allegaartjie

“Om vir emigrasie te beplan, is geen maklike taak nie. Jy moet 'n land, staat, dorp of voorstad kies, 'n werk kry, talle dokumente voltooi, reëlings tref rakende visums, verblyf, vervoer, finansies, siekefondse en troeteldiere, en boonop voorberei vir die IELTS (International English Language Testing System), om maar net 'n paar te noem. Min Suid-Afrikaners beplan hoe hulle hul geestesgesondheid gaan beskerm wanneer hulle in 'n nuwe land aankom. Ek wil argumenteer dat dit 'n mens se vertrekpunt moet wees wanneer jy met die emigrasieproses begin. Jy en jou gesin sal 'n veerkragtige en positiewe ingesteldheid moet hê om die proses deur te sien.” (Charl Fourie, kliniese sielkundige aan Windsor Allied Health in Tasmanië, Australië; op Maroela Media 21 September 2021)

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrieff geplaas word. (Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.) Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na produksie@nhk.co.za. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasinge.

Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit). Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

Dankgebed vir die wonderbare skepping

Liefdevolle Vader en Skepper van alles,
ons kom vandag na U
diep dankbaar vir u skepping.
Wanneer ons om ons kyk,
is ons verstom oor die grootsheid en majesteit
van alles wat U gemaak het.
Die natuur om ons verkondig u heerlijkheid –
die eindelose hemelruim,
die berge, bome, mere en strome
vertel van u manjifieke ontwerp.
U het ons die weergalose skoonheid
van die reënboog se kleure gegee,
die prag van blomme en velde.
Woorde kan nie die glorie beskryf nie
van alles wat U geskep het.
Ons juig saam met die Psalmdigter:
*Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam
oor die hele aarde...*
Ons Heer, mag ons ons liefde en aanbidding
aan U bewys
deur te sorg vir alles wat U geskep het.
Nederig bring ons aan U ons lof en dank.
Amen.

https://thoughts-about-god.com/prayer_/prayer-praise-gods-creation

(Afrikaanse weergawe: Tessa Oppermann)